

STAPTOER 2020

Kortliks die reëlings vir Donderdag, 19 Maart 2020.

1. Ons stap weer in die omgewing van Wittenberg en sal by die koshuis eindig.
2. Die staptoer is vir alle kinders in die skool.
3. Ons nooi ook alle ouers om saam te stap. Dit sal weer 'n baie mooi roete wees. Ons is bly oor elke ouer wat saamstap. Voorskoolkinders is ook welkom, mits die ouers saam kom!
4. Ons sal sorg dat die kinders genoeg te ete en te drinke kry deur die dag. Terwyl hulle stap sal hulle water en vrugte kry. Vir middagete kry hulle 'n hamburger en 'n sap. As u as ouer die dag saam met ons deurbring en ook 'n hamburger wil eet, moet u asseblief so op die afskeurstrokie aandui en **R50** per hamburger saamstuur. **Die R50 geld slegs vir ouers en voorskoolkinders.** Dit sluit ook 'n sappie in.
5. **Onthou.** Leerlinge wat R1 200.00 of meer geld ingesamel het, ontvang hulle hamburgers verniet en kan ook verniet aan die speletjies deelneem.
Leerlinge wat tussen R500.00 en R1200.00 ingesamel het, betaal R50 per hamburger en om die speletjies te geniet.
Leerlinge wat minder as R500.00 ingesamel het, betaal R70.00 per hamburger en om die speletjies te geniet
Leerlinge wat niks ingesamel het, betaal R100.00 per hamburger en om die speletjies te geniet
6. Die twee skoolbusse van PP en PR asook Quantum, vertrek die oggend die gewone tyd en ry die gewone roete.
7. Ons kom almal om 7:00 by die koshuis bymekaar. Daarna gaan ons probeer om almal in die skoolvoertuie (2 x skoolbusse en Sprinter) in te pas. Ons vra dat ouers ons met bakkies help, die leerlinge na die beginpunt te bring. Die voertuie kan daar gelos word en dan weer later gekry word.
8. Sodra almal by die versamelpunt is, begin ons stap. Intussen sal die glybane, ens. opgestel word sodat die leerlinge dit later kan geniet. Die busse bring die leerlinge ook weer terug koshuis toe.
9. By die swembad sal altyd 'n personeellid aan diens wees om 'n ogie oor die kinders te hou. Ons sal bly wees as 'n paar ouers bereid sal wees om die personeel te help by die swembad. Ouers wat voorskoolkinders saambring moet asseblief na hulle eie kinders kyk.
10. Die busse vertrek die middag om 14:00.
11. Die kinders hoef nie alles saam te neem na die versamelpunt nie. Die swemklere ens. kan die oggend by die koshuis gelos word. Vir die stap het hulle net hulle stapklere, hoed, ordentlike tekkies, sonskerm en water nodig. Daar sal langs die roete water wees en appels om te eet.
12. Daar sal 'n snoepie wees by die koshuis.
13. Die staproete is nie geskik vir stootwaentjies nie, klein kinders sal dus gedra moet word.
14. Ouers moet asb. kennis neem: Die skool sluit Donderdag om 14:00. **m.a.w. Vrydag is geen skool nie.** Die rapporte word Vrydag per e-pos gestuur.
15. **NB! As die weer nie saamspeel nie, sal Donderdag en Vrydag (19 en 20 Maart) twee gewone skooldae wees!! Ons sal dan volgende kwartaal 'n geskikte datum vind vir die staptoer. Die skool sal dan op Vrydag, 20 Maart, om 11:00 sluit.**
16. Skakel Mnr. Lilje by 071 604 3344 as u onseker is oor die reëlings.

Groete,
Personeel

AFSKEURSTROKIE

Die vorm asook geld moet Maandag (16 Maart 2020) ingehandig word!

- Ek sal graag Donderdag saam met die kinders op die staptoer gaan.
Naam van ouer/s: _____
Voorskoolkinders: _____
Aantal persone: _____ Ingesluit R _____ (R50.00 per Hamburger)
- Ek sal ongelukkig nie saam kan gaan stap nie, maar wil graag middagete by die koshuis nuttig.
Aantal persone: _____ Ingesluit R _____ (R50.00 per Hamburger)

NB!! Indien u kind allergieë het of enige medisyne moet drink, moet u ons asseblief in kennis stel en die medikasie saamstuur!